No. 994 **11 Mei 1990**

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 26,0537 hektaar groot, geleë op die plaas Roodepoort 237 IQ, distrik Roodepoort, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Roodepoort Brickworks (Pty) Ltd en getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R32/87 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

**No. 994** **11 May 1990**

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), reserved for the purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 26,0537 hectares in extent, situate on the farm Roodepoort 237 IQ, District of Roodepoort, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the name of Roodepoort Brickworks (Pty) Ltd and shown on a sketch plan copies of which are filed under RMT R32/87 in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 988 **11 Mei 1990**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VOORLOPIGE VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID.—DIE HISTORIESE GEDEELTE VAN DIE SIMMER EN JACK-MYNDORPIE, MET INBEGRIP VAN AL DIE GEBOUE DAAROP, GELEË IN HOOFRIFWEG, GERMISTON

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby die historiese gedeelte van die sogenaamde Simmer en Jack-myndorpie, met inbegrip van al die geboue daarop, geleë in Hoofrifweg, Germiston, soos volledig hieronder beskryf, voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese gedeelte van die sogenaamde Simmer en Jack-myndorpie, met inbegrip van al die geboue daarop, synde 'n reglynige gebied begrens deur—

(i) aan die noordekant: 'n lyn twaalf meter vanaf, en parallel met die noordelike grens van die personeelkwartiere;

(ii) aan die oostekant: 'n lyn tien meter vanaf, en parallel met die oostelike grens van die getroude kwartiere;

(iii) aan die suidekant: 'n lyn vyf meter vanaf, en parallel met die suidelike grens van die getroude kwartiere, met 'n uitstaande gedeelte begrens deur 'n lyn vyftien meter oos van die losieshuis en 'n lyn vyf meter suid van die losieshuis; en

(iv) aan die westekant: 'n loodregte lyn na laasgenoemde punt en vyf meter na die westekant van die losieshuis,

geleë op 'n gedeelte van Gedeelte 831 ('n gedeelte van Gedeelte 186) van die plaas Elandsfontein 90, Registrasie-afdeling IR, Transvaal.

Skenkingsakte T13229/1979, gedateer 20 April 1979.

G. S. HOFMEYR,
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 988** **11 May 1990**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

PROVISIONAL DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT.—THE HISTORIC PORTION OF THE SIMMER AND JACK MINING VILLAGE, INCLUDING ALL THE BUILDINGS THEREON, SITUATED IN MAIN REEF ROAD, GERMISTON

In terms of section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby declares the historic portion of the so-called Simmer and Jack Mining Village, including all the buildings thereon, situated in Main Reef Road, Germiston, as fully described below, to be a national monument.

*Description*

The historic portion of the so-called Simmer and Jack Mining Village, including all the buildings thereon, being a rectilinear area and bounded by—

(i) on the northern side: a line twelve metres from, and parallel to the northern boundary of the staff quarters;

(ii) on the eastern side: a line ten metres from, and parallel to the eastern boundary of the married quarters;

(iii) on the southern side; a line five metres from, and parallel to the southern boundary of the married quarters, with a projecting section bounded by a line fifteen metres east of the boarding-house and a line five metres south of the boarding-house; and

(iv) on the western side: a line perpendicular to the latter point and five metres to the western side of the boarding-house,

situated on a portion of Portion 831 (a portion of Portion 186) of the farm Elandsfontein 90, Registration Division IR, Transvaal.

Deed of Grant T13229/1979, dated 20 April 1979.

G. S. HOFMEYR,
Director: National Monuments Council.